2020/06/13

# HANDELINGE 2

Bybelstudie

# HANDELINGE 2 OPSOMMING

2020/06/13



This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

- **God stort die Heilige Gees uit oor die gelowiges**
- **Petrus preek op die Pinksterfees**
- **Die mense, wat in Jesus Christus glo, vermeerder**
- **Hoe die Christen gelowiges gelewe het**




Bybelstudie

# Hand 2 God gee die Heilige Gees vir die gelowiges

- 1 Al die gelowiges was bymekaar op die dag van die Pinksterfees.

2:1 Pinksterfees: Die Oesfees of Fees van die Weke. Die Israeliete moes die fees vier op die vyftigste dag nadat die boere die eerste gerwe gars afgesny het. Dit was ook die vyftigste dag ná Paasfees. Op die Pinksterfees het hulle offers gebring en bymekaargekom en God geprys omdat Hy reën gee en daar baie kos is. Op hierdie fees het God die Heilige Gees vir die kerk gegee. Daarom het dit later ook 'n Christelike fees geword

- 2 Hulle het skielik iets gehoor wat uit die hemel kom. Dit was soos 'n sterk wind wat waai. Hulle het dit gehoor oral waar hulle in die huis gesit het.




https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.2.ABA

This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

# Hand 2 God gee die Heilige Gees vir die gelowiges

- 3 Toe sien hulle iets wat lyk soos 'n klomp vuurvlamme bymekaar. Die vlamme het gelyk soos tonge, en 'n vlam het op elke gelowige gaan sit.
- 4 Die Heilige Gees het in hulle almal gekom en hulle het begin praat in ander tale. Die Gees het hulle laat praat in hierdie tale.
- 5 Daar was Jode in Jerusalem, hulle het in ander dele van die wêreld grootgeword en het toe in Jerusalem kom woon. Daar was Jode van elke land in die wêreld. Hierdie Jode was lief vir die Here en hulle het Hom gedien soos Hy wil hê.




https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.2.ABA

This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

# Hand 2 God gee die Heilige Gees vir die gelowiges

- 6 Toe hulle hoor dat hierdie sterk wind kom, het baie van hierdie Jode saamgekom by die huis. Hulle het nie geweet wat gebeur nie, want hulle het gehoor hoe praat die gelowiges in die tale van elkeen van hulle wat uit die ander lande van die wêreld kom.
- 7 Hulle was baie verbaas en hulle het gesê: "Al hierdie mense wat so praat, kom van Galilea.
- 8 Elkeen van ons hoor sy eie taal wanneer hulle praat. Hoe gebeur dit?



https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.2.ABA

This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

2:9 ***Asië:*** 'n Provinsie. Dit is die westelike deel van Klein-Asië, ons noem dit vandag Turkye. Die eilande in die Egeïese See was ook in die provinsie Asië

# Hand 2 God gee die Heilige Gees vir die gelowiges

- 9 Want ons is Jode uit verskillende volke: Perse, Mediërs, Elamiete, mense wat woon in Mesopotamië, Judea, Kappadosië, Pontus, Asië,
- 10 Frigië, Pamfilië, Egipte en die dele van Libië naby Sirene, en mense wat woon in Rome,

2:11 ***heidene:*** Mense wat nie Jode is nie

- 11 ook Jode en heidene wat die Jode se godsdiens aanvaar het, Kretensers en Arabiere. Ons hoor hoe praat hulle in ons eie tale oor die groot dinge wat God gedoen het."



https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.2.ABA

This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

# Hand 2 God gee die Heilige Gees vir die gelowiges

- 12 Hierdie Jode was almal verbaas en deurmekaar. Hulle het vir mekaar gesê: "Wat kan dit beteken?"

- 13 Maar ander mense het gespot en gesê: "Hulle is dronk."



https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.2.ABA

This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

2:14 ***apostels:*** Jesus het mense gekies en gestuur om te gaan preek en om siek mense gesond te maak en om *duiwels uit te jaag. Jesus het hulle "apostels" genoem

# Hand 2 Petrus praat op die Pinksterfees

- 14 Toe staan Petrus op saam met die ander elf apostels. Hy het hard en ernstig gepraat en vir die mense gesê: "Joodse vriende, ja, almal wat in Jerusalem woon, julle moet verstaan wat hier gebeur en julle moet goed luister na wat ek vir julle sê.

- 15Julle dink hierdie mense is dronk, maar hulle is nie, want dit is nou nege-uur in die oggend.

- 16Die dinge wat hier gebeur, is die dinge waaroor die profeet Joël gepraat het:



2:16 ***profeet:*** Iemand wat boodskappe van die Here na mense toe bring en vir die mense sê wat die Here wil hê

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.2.ABA

This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

# Hand 2 Petrus praat op die Pinksterfees

- 17 God het gesê:
  “Dit sal só wees in die laaste dae:
  Ek sal my Gees gee
  vir al die mense:
  Julle seuns en julle dogters
  sal God se boodskap bring.
  Julle jongmanne sal dinge sien
  wat die Here vir hulle wys,
  en julle ou manne
  sal drome droom.
- 18 Ja, in die laaste dae sal Ek
  my Gees gee vir elke man
  en vrou wat vir My werk,
  en hulle sal God se boodskap
  bring.

https://www2.bible.com/af/bible/2

**<u>Joël 2</u>**

28 Die Here sê:
“Wanneer dit alles gebeur het, dan sal Ek
my Gees gee vir al die mense. Julle seuns en
julle dogters sal profete wees. Die ou mense
en die jong mense sal droom en sien wat
later sal gebeur.

29 Ek sal in daardie tyd my Gees ook
vir slavinne gee.

30 Ek sal vir die mense
tekens wys. Daar sal bloed op die aarde
wees,
en vuur en rook in die lug.

31 Die son sal donker word, en die maan sal
rooi word. Dan sal die dag van die Here kom,
die groot en verskriklike dag.


32 Dan sal almal vry word wat die Here
aanbid. Almal wat nog lewe, sal vry word in
Jerusalem, op Sionsberg.” So het die Here
gesê vir die mense wat Hy geroep het.

# Hand 2 Petrus praat op die Pinksterfees

- 19 En Ek sal wondertekens gee bo in die hemel en tekens onder op die aarde: bloed en vuur en rook.

- 20 Die son sal heeltemal donker word,en die maan sal word soos bloed. Dan sal die groot en belangrike dag van die Here kom.

- 21 En dit sal só wees: Die Here sal almal red wat tot Hom bid, almal wat vra dat Hy hulle moet red.




https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.2.ABA

This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

# Hand 2 Petrus praat op die Pinksterfees

- 22 “Israeliete, julle moet goed luister na wat ek sê: Julle weet dat God vir Jesus van Nasaret groot dinge en wonderwerke en tekens laat doen het toe Jesus by julle was. So het God gewys dat Hy self vir Jesus gestuur het.
- 23 God het lank gelede besluit en geweet dat Hy hierdie Man sal gee vir die mense wat nie die wette van God ken nie, sodat hulle met Hom kan doen wat hulle wil. Hierdie mense het vir Jesus geneem en hulle het Hom vir julle gegee, en toe het julle Hom gekruisig en vermoor.



https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.2.ABA

This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

# Hand 2 Petrus praat op die Pinksterfees

- 24 Maar God het toe vir Jesus vrygemaak van die pyne van die dood, Hy het vir Jesus weer laat lewe. Want die dood kon nie vir Jesus vashou nie.

Ps 16:8-11

- 25 Dawid het dinge gesê oor homself, maar hy het dit ook oor Jesus gesê. Dawid het gesê: Ek het die Here altyd voor my gesien, want Hy is hier regs langs my sodat ek nie val nie.



- 26 Daarom was my hart bly en was my tong baie bly. Ja, ek hoop en ek is seker dat my liggaam sal lewe.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.2.ABA

This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

2:27 ***doderyk:*** In die tyd van die Bybel het mense gedink daar is 'n plek onder die aarde waar die mense wat sterf, gaan bly. Hulle het dit genoem die "doderyk" of die "onderwêreld"


# Hand 2 Petrus praat op die Pinksterfees

- 27 Want U sal nie vir my na die doderyk laat gaan nie. Ek is aan U gewy, U sal my nie laat sterf nie.

2:27 ***gewy, gewyd:*** Iemand of iets wat aan die Here behoort of wat vir die Here werk, of iets wat mense in sy tempel gebruik, is gewyd

- 28 U het vir my geleer hoe om te lewe, ek sal altyd bly wees wanneer U by my is.

- 29 "Vriende, julle almal weet dat ek reg is as ek vir julle sê dat ons voorvader Dawid gesterwe het en begrawe is, en dat sy rgraf vandag nog by ons is.



https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.2.ABA

This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

# Hand 2 Petrus praat op die Pinksterfees

- 30 Maar Dawid was 'n profeet, en hy het geweet dat God vir hom belowe het dat een van sy nageslag eendag op sy troon sal sit.

- 31 Dawid het gesien wat later sal gebeur en daarom het hy gesê dat Christus weer sal lewe. Dawid het gesê: "God het Hom nie na die doderyk laat gaan nie, en sy liggaam het nie gesterf nie.

- 32 "God het vir Hóm, vir Jesus, weer laat lewe, en ons is almal getuies daarvan.



https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.2.ABA

This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC


# Hand 2 Petrus praat op die Pinksterfees

- 33 God het vir Jesus opgeneem in die hemel en Hy het gesê dat Jesus op die belangrikste plek langs Hom moet sit. Toe het die Vader vir Jesus die Heilige Gees gegee, die Vader het dit belowe. En Jesus het die Heilige Gees vir ons gegee. Dit is wat julle nou sien en hoor.

2:34 ***Die Here … kan sit:*** Kyk Ps 110:1

- 34 Want Dawid het nie na die hemel gegaan nie. Dawid sê self: "Die Here het vir my Here gesê: 'Jy moet hier langs My sit, op die belangrikste plek,

- 35 want Ek sal jou vyande verneder, en Ek sal hulle voor jou laat lê sodat jy jou voete op hulle kan sit.'




https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.2.ABA

This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

# Hand 2
# Petrus praat op die Pinksterfees

- 36 “Die hele Israel moet nou weet, en dit is seker: Julle het vir Jesus gekruisig, maar God het gesê dieselfde Jesus moet die Here en die Christus wees.”




https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.2.ABA

This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

# Hand 2 Die gelowiges word meer

- 37 Toe die mense hierdie woorde hoor, was hulle hartseer en ontsteld. Hulle het vir Petrus en die ander apostels gevra: "Vriende, wat moet ons doen?"
- 38 En Petrus het vir hulle gesê: "Julle moet verander en julle moet lewe soos God wil hê. Julle almal moet gedoop word in die Naam van Jesus Christus. Dan sal God julle sondes vergewe, en God sal die Heilige Gees vir julle gee.
- 39 Want God het dit belowe vir julle en vir julle kinders en ook vir al die mense wat nie Jode is nie. Ja, Hy belowe dit vir al die mense wat die Here ons God na Hom toe sal roep."

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.2.ABA



This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

# Hand 2 Die gelowiges word meer

- 40 Petrus het nog baie ander dinge gesê, hy het die mense gewaarsku en hy het ernstig met hulle gepraat. Hy het gesê: “Julle moet vir God vra om julle te red, julle moenie wees soos die wêreld se mense wat sonde doen nie.”

- 41 Die mense wat besluit het om te doen wat Petrus sê, is gedoop. En God het nog omtrent 3 000 mense op daardie dag gelowiges laat word.



https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.2.ABA

This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

# Hand 2 Hoe die gelowiges gelewe het

- 42 Die gelowiges het aangehou om die dinge te doen wat die apostels vir hulle geleer het en hulle was altyd saam. Hulle het ook altyd saam geëet en gebid.

- 43 Toe die ander Jode die wonderwerke en die tekens sien wat God die apostels laat doen het, het hulle almal besef dat dit God is wat dit laat gebeur.




https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.2.ABA

This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

# Hand 2 Hoe die gelowiges gelewe het

- 44 Al die gelowiges was bymekaar, en hulle goed het aan hulle almal behoort.

- 45 Hulle het hulle grond en huise en goed verkoop en hulle het die geld gegee vir mense wat min gehad het.



https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.2.ABA

This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

# Hand 2 Hoe die gelowiges gelewe het

- 46 Hulle het elke dag bymekaargekom in die tempel en hulle het saam geëet in mekaar se huise. Hulle het vir mekaar kos gegee. Hulle het dit gedoen omdat hulle bly was en omdat hulle mekaar graag wou help.

- 47 Hulle het God geprys, en al die mense in Jerusalem het gehou van hulle. Die Here het elke dag mense gered en so het die gelowiges meer geword.



https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.2.ABA

This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

# HANDELINGE 2 OPSOMMING

2020/06/13



This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

- **God stort die Heilige Gees uit oor die gelowiges**
- **Petrus preek op die Pinksterfees**
- **Die mense, wat in Jesus Christus glo, vermeerder**
- **Hoe die Christen gelowiges gelewe het**



Bybelstudie